Lukas 22:24 _____

_____

_____

Die grootste oneer wat enige mens God kan aandoen is om onafhanklik van God te probeer lewe.

- **Daarom bid ons vir ons daaglikse brood.**

Filippense 4:7_____

Deuteronomium 8:18 _____

Psalm 37 _____

Matteus 6:25; 32-33 _____

- **Daarom bid ons dat ons skuld vergewe sal word.**

Jeremia 13:23 _____

1 Johannes 1:8, 9 _____

Spreuke 28:13 _____

Hier is 'n kwalifikasie aan verbonde ... _____ (Spreuke 19:11)

Efesiërs 4:32 _____

- **Daarom bid ons dat ons nie in versoeking sal kom nie.**

Jakobus 1:13 _____

1 Korintiërs 10:13 _____

Psalm 119:11 _____

Gebed gaan uitsluitlik om die eer van God. God ontvang op geen plek meer eer as in die gelowige se binnekamer waar die gelowige in die gees, maar ook deur doelbewuste keuse, Lof aan God bring en sy afhanklikheid aan God erken.



Mens tot mens

Bid opreg vir mekaar.

Skakel gerus met een van die leraars of met die kerkkantoor as jy by een van ons kleingroepe wil inskakel

Ds Piet Hattingh	***083 453 1488***
Ds Jaco van Rooyen	***079 494 0091***
Kerkkantoor	***013 282 7153***

Lewe afhanklik van God

Nederduitste
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



Mens tot mens

Waarom wil mense graag onafhanklik wees?

Wat beteken dit om afhanklik van God te wees?

Wat is die beste manier om jou afhanklikheid aan God te erken?



Mens tot God

276 Leer ons om in eie oë

\- -

1. Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U, o Heer,
diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.

2. Daar is by ons soveel weerstand,
teen u wil, u Woord, o Heer.
Ons bied soveel kere teenstand,
wil ons nie deur U laat leer.

Skep in ons 'n nuwe gees;
laat ons U gehoorsaam wees.

Vra iemand om voor te gaan in gebed.



God tot mens

Matteus 6:9-15 (Boodskap)

9 “So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;

10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

11 Gee ons vandag ons daaglikse brood;

12 en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;

13 en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

14 “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. 15Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

Gesels oor die volgende: As jy nie gedurig met God kommunikeer in gebed nie, is jy soos iemand wat 'n baie belangrike gas in jou huis het, maar hom die hele dag lank ignoreer.

Gebed is by uitstek die plek waar die gelowige lof en eer en heerlikheid aan God bring. _____

_____ 1Korintiers 14:15

- **Daarom bid ons dat God se Naam geheilig sal word**

Esegiël 20:14 _____

Maleagi 2:2 _____

Johannes 12:28 _____

- **Daarom bid ons dat God se Koninkryk sal kom**

Eksodus 19:5 _____

Jesaja 9:7 _____

Daniel 2:44 _____

Matteus 6:33 _____

Matteus 10:7 _____

- **Daarom bid ons dat God se wil sal geskied.**

Esegiël 18:5 _____